# Motheo Onderwysdistrik

**AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL**
**Memorandum Vraestel 1**

**September 2014**

**GRAAD: 12**

Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye.

**AFDELING A: KYK– EN LEESBEGRIP**

**NASIEN VAN DIE LEESBEGRIP:**

1. Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.)
2. Indien die kandidaat woorde uit ’n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar..
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING- vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee ’n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. By ’n meerkeusevraag aanvaar beide die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is.

**VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL.**

| Vraagnr. | Antwoord | Punt | Denkvlak |
|---|---|---|---|
| 1 | Coca-cola √ | 1 | 1 |
| 1.2 | Onwaar<br>. Daar is kenners wat beweer die woord “Coca-Cola” is naas “oukei” die bekendste woord ter wêreld √ | 1 | 2 |
| 1.3 | Jy kan die rooi borde met die Coke-logo oor die hele wêreld sien. √<br>Jy sal dit selfs in ’n vreemde taal herken. √ | 2 | 3 |
| 1.4 | Uit ’n bottel<br>Uit ’n blikkie<br>Uit ’n glas met ys √√√ | 3 | 3 |
| 1.5 | Dit bevat baie suiker √ en koolhidrate √ | 2 | 3 |
| 1.6 | A/kokaïen en kafeïen √ | 1 | 1 |
| 1.7 | Apteker √ | 1 | 1 |
| 1.8 | Coke se hoofkantoor is daar. √ | 1 | 3 |
| 1.9 | Dit is waardevol/ander mense kan dan ook Coca-Cola maak/die Coca-Cola maatskappy kan dan nie baie geld maak nie. √<br><br>*Leerders kan enige antwoord met bogenoemde strekking gee/wat dieselfde beteken as bogenoemde.* | 1 | 4 |
| 1.10 | “daar word beweer” √ | 1 | 3 |
| 1.11 | Dit is slim bemark. √<br>Dit is goed geadverteer. √<br>Dit was mode om Coca-Cola in winkels te drink. √<br><br>*Enige TWEE* | 2 | 1 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.12 | Coca-Cola-winkels √ | 1 | 1 |
| 1.13 | Die vorm √ | 1 | 3 |
| 1.14 | Coca-Cola-bottel √ | 1 | 3 |
| 1.15 | D/Coca-Cola het geld gegee vir die Olimpiese Spele in Amsterdam √ | 1 | 3 |
| 1.16 | Verskillende kultuurgroepe/ouderdomsgroepe word geteiken.<br>Visuele elemente/grafika/rekenaarspeletjiesword gebruik.<br>Advertensies word op byvoorbeeld T-hemde gedruk.<br>Oral word coke-advertensies gesien. √<br><br>*Enige TWEE van bg antwoorde kan gegee word.* | 2 | 3 |
| 1.17 | Unieke smaak: smaak waarvan daar nie nog so 'n smaak bestaan nie<br><br>*Leerder kan enige sin gee waarin die betekenis duidelik blyk.* | 1 | 5 |
| 1.18 | Ja<br>Baie mense drink graag Coca-Cola √<br><br>OF<br><br>Nee<br>Mense hou nie van die baie suiker/koolhidrate in Coca-Cola nie √<br><br>*Leerders gee enige soortgelyke antwoord.* | 1 | 4 |
| | **Grafiek** | | |
| 1.19 | Minste: 2008 √<br>Meeste: 2012 √ | 2 | 1 |
| 1.20 | 2008 √ | 1 | 1 |
| 1.21 | 35 000 √ | 1 | 1 |
| 1.22 | 2014 | 1 | 1 |
| 1.23 | Die meeste Coke is in 2012 verkoop/ die meeste winkels is in 2008 verkoop/die minste nuwe winkels is in 2012 oopgemaak/dit lyk of Coke al hoe minder Coke begin verkoop.<br><br>*Leerders gee enige soortgelyke antwoord.* | 1 | 4 |
| | **GROOTTOTAAL** | **30** | |

**Denkvlakverspreiding**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **1** | | **2** | **3** | |
| **1** | **2** | **3** | **4** | **5** |
| **11** | **1** | **14** | **3** | **1** |
| **12** | | **14** | **4** | |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**NASIEN VAN DIE OPSOMMING**
Die opsomming word soos volg nagesien:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite ( 1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
  - 6-7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
  - 1-5 direkte aanhalings: ken 1punt vir taal toe

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 70 woorde en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

| **Aanhaling** | **Feit** |
|---|---|
| *Om graad 12 te kan hanteer, is dit belangrik om positief te wees en in jouself te glo.* | 1.Wees positief en glo in jouself |
| *Met 'ordentlik eet' bedoel ek 'n mens moet gereeld eet* | 2. Eet gereeld/ordentlik |
| *'n Studierooster help om die nodige struktuur aan jou matriekjaar te gee.* | 3. Stel 'n studierooster op. |
| *Maak seker jy het 'n plek waar jy kan konsentreer.* | 4. Studeer op 'n sekere plek. |
| ***...*** *dat jou skoolwerk nie so belangrik moet word dat jy vergeet om oefening te doen en fiks te bly nie* | 5.Doen oefeninge/bly fiks. |
| *Wanneer jy met iets sukkel, moet jy hulp vra* | 6. Vra hulp as jy sukkel. |
| *Begin vandag werk en werk hard.* | 7. Begin vandag hard werk. |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**NASIEN VAN TAALSTRUKTURE EN –KONVENSIES**

1. Spelling:
- Eenwoord-antwoorde moet korrek gemerk word al is die spelling verkeerd. As die spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed word dit verkeerd gemerk.
- In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
- Waar ’n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
2. Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
3. By ’n meerkeusevraag aanvaar beide die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is

**VRAAG3: ADVERTENSIE**

| **Vraagnr.** | **Antwoord** | **Punt** | **Denkvlak** |
|---|---|---|---|
| 3.1 | gelde √ | 1 | 1 |
| 3.2 | kindjie √ | 1 | 1 |
| 3.3 | Dessdae rye k vinniger huis toe omdat SANRAL die paaie verbeter. √ | 1 | 6 |
| 3.4 | Ek het tien ekstra ure saam met my gesin deurgebring. √ | 1 | 6 |
| 3.5 | soggens √ | 1 | 2 |
| 3.6 | D/moedig mense aan om tolgeld te betaal. √ | 1 | 3 |
| 3.7 | Die advertensie probeer mense oorreed om tolgeld te betaal. √ | 1 | 6 |
| 3.8 | weier √ | 1 | 2 |
| 3.9 | p.m. √ | 1 | 1 |
| 3.10 | Dit is goed, want dit sê vir ons dat die ma meer tyd saam met haar kind kan deurbring omdat sy vinniger op die paaie kan ry. √<br><br>*Leerder bied enige soortgelyke antwoord aan.* | 1<br><br>**[10]** | 4 |

**VRAAG4: STROKIESPRENT**

| **Vraagnr.** | **Antwoord** | **Punt** | **Denkvlak** |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Mona bestuur elke dag, swak in die stad. | 1 | 6 |
| 4.2 | Mona sien dat Refilwe nie kan bestuur nie. | 1 | 6 |
| 4.3 | vyftig | 1 | 1 |
| 4.4 | bang | 1 | 4 |
| 4.5 | Refilwe sê dat Mona moet kyk waar sy ry/ Refilwe sê Mona moet kyk waar sy ry | | |
| 4.6 | Mense sou dink jy was ’n gevaar op die pad. | 1 | 6 |
| 4.7 | Vyftig persent van verkeersongelukke word deur motors veroorsaak. | 1 | 6 |
| 4.8 | Op | 1 | 2 |
| 4.9 | Bestuurderes | 1 | 3 |
| 4.10 | *Leerder gee eie mening* | 1<br>**[10]** | 4 |

**VRAAG 5.1: ARTIKEL**

| Vraagnr. | Antwoord | Punt | Denkvlak |
|---|---|---|---|
| 5.1.1 | Franse (Naam moet met hoofletter geskryf word) | 1 | 2 |
| 5.1.2 | Leon gaan nie in Frankryk skool nie. | 1 | 6 |
| 5.1.3 | Sommige | 1 | 2 |
| 5.1.4 | visrestaurant | 1 | 1 |
| 5.1.5 | Baie | 1 | 2 |
| 5.1.6 | spesifieke | 1 | 2 |
| 5.1.7 | ’n | 1 | 2 |
| 5.1.8 | Watter tale leer jy? | 1 | 6 |
| 5.1.9 | Nee. Sport is nie deel van die kurrikulum nie. | 1 | 6 |
| 5.1.10 | my | 1 | 2 |
| 5.1.11 | hemelsbreë | 1 | 2 |
| 5.1.12 | Mense stel altyd in ander lande belang. | 1 | 1 |
| 5.1.13 | lawwe | 1 | 1 |
| 5.1.14 | knoop | 1 **[14]** | 2 |

**VRAAG 5.2: PRENT MET BESKRYWING**

| Vraagnr. | Antwoord | Punt | Denkvlak |
|---|---|---|---|
| 5.2.1 | Al hulle beste vriende was deel van hulle troue gewees. | 1 | 6 |
| 5.2.2 | ongelukkig | 1 | 2 |
| 5.2.3 | Die troue is by die see. | 1 | 6 |
| 5.2.4 | Die troue was op die strand daarom het niemand skoene aangehad nie. | 1 | 6 |
| 5.2.5 | Ai | 1 | 2 |
| 5.2.6 | Die bruidspaar weet hoe om ’n lekker troue te reël | 1 **[6]** | 6 |

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**Denkvlakontleding: Afdeling C**

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| **20** | **3** | **17** |

**AFDELING D**

**NASIEN VAN LETTERKUNDE**

1. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
2. As ’n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelfout nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.
3. As ’n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik as ’n aanhaling gevra word nie, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

4. Vir oop vrae word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
5. Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/motivering/bewys verdien die punt.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

***Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Die leerder moet albei doen.***

**VRAAG 6: 'n MAN KOM TUIS – CHRIS BARNARD**
**(Onderwysers moet die vrae self uitwerk en die antoorde hier plaas.**

**Denkvlakontleding**

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| 8 | 9 | 3 |

**VRAAG 7: DIE RAMP - T. T. CLOETE**
**(Onderwysers moet die vrae self uitwerk en die antoorde hier plaas**

**Denkvlakontleding Afdeling B**

| 1 | 2 | 3 |
|---|---|---|
| 8 | 9 | 3 |

**TOTAAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**